

DIE HOGEVELD IN DIE NA-SOMER.

Onder bovenstaanden titel lezen we in *Volkstem* het volgende van de hand van den heer Bosman di Ravelli:

„Ik denk, ik 't nog nooit 'n landskap gesien wat so bekorend vir mij was nie als die Hogeveld in die na-somer.

Die duisende hoogtes en laagtes, almaal bedek met lange, rijpe gras, wat in die wind sig beweeg so's golwe van 'n gouwe see; oneindige vlaktes met lange pêrse skaduwes (van die wolke op die grond, so's skerpe degens, wat in die son lê) en dan hier en daar die rooi aarde, van 'n merkwaardig pompejaanse rooi kleur, die, verstrooid so's eigenaardige robijne, ronde vlekke in die gras maak — in dit alles is daar 'n wereld van studie vir die kunstenaar, die dit alles weet met eerbied en liefde te behandel.

Daar is die wonderlikste nuances in die gras. Iemand wat denk, dit is so maar geel of goud, maak 'n groot fout. Neem maar 'n stengeltje en studeer dit nauwkeurig. Men sal sien, dat in die geel veel groen, bruin, rooi en pêrs rond gestreep is, en dat die ensemble daarvan die eigenaardige kleur gé.

Als die gras in die saad is, loop daar partij maal nog groen blare uit die stengels en in die veld self groei duisende veldblomme — partij [1]) geel, wit, of soms magenta; partij maal [2]) is daar 'n menging van al die kleure deurmekaar en men kan begrijp, dat dit alles 'n allerfijnste nuancéring gé. Iemand, wat denk, die Transvaal is oninteressant om te skilder, behoef net 'n studie van die eigenskappe te maak vir 'n tijdje en hij sal uitvinde, dat om regvaardig te'en die land te wees, vraag dit die grootste studie. Die skaduwés, wat deur die wolke geworpe word en wat ronddwaal so's skepe op 'n grote see — die pêrse dinge is swaar om te skilder, omdat hul so gauw verander van kleur — en soms in te'eno'ergestelde kleure als wat hul gewees het. Die koppies is langwerpige gestaltes, wat gaan lê het in die son — hul is mooi rond en in vorm fijn geproportioneerd en hul maak lange dunne klowe, wat bijna altijd blauw-pêrs is — buiten 's awends, wanneer hul rooi-bruin word.

Om die uitgestrektheid van die Hogeveld weer te gé, moet men 'n grote doek kies, meer lang als hoog, dan kan men die deining gé, wat dit in die natuur het.

Die wolke vorm weer 'n biesonder vak v'r studie. Die atmosfeer is so helder, dat die blauw so donker is, dat dit bijna indigo word. Die wolke self is wonderbare formasies. Hul is nie so's ander wolke, wat net te'en die lug lê, wat sig bijna in één smelt met die blauw nie, maar sweef werkelik rond so's witte, spier-witte seilbote in die doodkalme see. En elke dag kom eers 'n klein wolkie op en, so's 'n brandwag, kijk hij eers die wereld rond, wat daar aangaat; deur stomme tekens kruip nog duisende wolkies meer uit van agter die horison en dan pak hul

VERKLARINGEN: [1]) Velen. [2]) Dikwijls.




'n dikke muur so's skanse op die horison. Later kom die generaal in grote skepe, wat pragtige witte seile het en hul sweef deur die lug heen en weer — en, dan misskien kom die donder-artillerie en skiet die hele kaboedel [1]) uit mekaar, en dan: klare lug weer!

Die wolke lijk, alsof men om hulle heen kan sien en hul moet uitgemodelleerd word met kleine digte skaduwés en hoge en lage ligte — die hoge ligte lê meestal op die dik-liggaam van die wolk. Baje maal voor 'n storm dan is die wolk so's geklitse [2]) room wat net dik word: — allerhande wonderlike figure vorm sig daaraan.

's Awends kan 'n mens die prag van die hogeveld nie beskrijve. Een digter het gesê: elk dag in die Hemel vraag die Here 'n skilder om die lug van die aarde te maak. Maar die skilder wat die Hogeveld maak was nog nie op die aarde nie. Ons wag nog op hem. Die goud (egte goud, nie alleen geel nie, maar rooiagtig) en die wonderlike blinke [3]) rooi kleure, wat die wolke in bloed baai, die moet men gesien hê om dit te verstaan en te waardeer; moet men op die Hogeveld gaan woon om die seldsame prag te sien, wat elke dag in die lug voorgeset word."

[1]) De heele boel. [2]) Geklutste [3]) Blinkende.



Chapmann's Zebra's (door de Boeren verkeerdelijk Kwagga's genoemd) in den Zoölogischen tuin te Pretoria.



Zebra volgens de gravure in Kolbe's bekend boek.

DIE MORRE.

Breek, breek, breek, o Lig, deur uw silwer gordijne,
als d' Hoop deur die nag van droefheid en rouw,
en trek met uw rooi-rooie vingers die lijne,
waarlangs straks die Dag-vors sijn sege-tog hou.
Ah! so lang was die nag,
waar die wagters in wag,
uitsiend naar die koms van die Suidlike morre.

O, menige graf 's in die skeem'ring gedolwe
der vaal-grijse morre, vóór 'n son het verskeen;
en menige traan het gedrup in die golwe
der see, deur die moeders in aansijn [1]) geween.
En hoe menige hart
is gefolterd deur smart
en reeds in die bang-swarte doods-nag gebroke!

En bang was ons hart vir die lig van die morge,
waarin ons die werk van die nag sal aanskouw;
Ja, bang vir ons lijde, ons graftes [2]), ons sorge,
als die moet geteld, met die dade verbrouw. [3])
Maar die lig het gekom,
en ons kijk angstig om
naar d' eensame graftes van Kruger en andre!

Nou berg ons ons dode in d' ijskouë woning,
die graf, waar ons roem en ons glorie in rus,
en trek, als die Gothe, met Teja als koning,
ver weg, naar ons Thule, 'n vreedsame kus.
En al dra ons met smart
nog ons lamferdoek-swart,
ons lag tog met trane teen 't lig van die morre.

Breek, breek dan, o Lig, deur uw silwer gordijne,
en straal op ons weg naar die land van ons vreug;
en mog daar g'n vonk van uw lig-siel verdwijne,
so lang als die dag-duur ons lewe verheug.
En kom daal dan die nag,
waar elk volk moet voor wag,
O Lig, hemels Lig, o vertroos dan ons harte.

Krugersdorp. J. KUHN.

[1]) Aldus in *Die Brandwag*, waaraan dit gedicht is ontleend. Waarschijnlijk een zetfout. [2]) Graven. [3]) Verknoeid.

PASTORIEBLOEMEN.


Kort geleden is bij de *Holl.-Afrikaansche Uitgevers-Mij.* een opmerkelijke gedichtenbundel verschenen: „*Pastoriebloemen*, nagelaten gedichten van Gijsbert R. Keet, met een levensbericht door A. Moorrees, hoogleeraar aan het Theologisch Seminarium te Stellenbosch, en gedrukt onder toezicht en met aanteekeningen van Dr. N. Mansvelt." Al deze gedichten stammen uit een nu voorbij zijnde periode van de Afrikaansche litteratuur. Met een enkele uitzondering zijn zij geschreven in het Nederlandsch, terwijl thans de beste letterkundigen van Zuid-Afrika zich bij voorkeur bedienen van het Afrikaansch. Maar dat Nederlandsch is van een, in Zuid-Afrika ongewone, soepelheid, legt getuigenis af van meer dan gewoon meesterschap over onze taal, die, in engeren zin genomen, toch niet de moedertaal was van den begaafden predikant, wiens talenten als schrijver slechts aan weinigen van zijn landgenoten bekend waren. Prof. Moorrees schildert hem in zijn levensbericht als een prediker van alledaagsche middelen, schoon met een warm en vurig hart, die land en volk lief had als weinigen, maar die van zijn liefde gemakkelijker door de daad, dan door het *gesproken* woord kon doen blijken. Van zijn liefde voor zijn taal getuigt nu ook deze bescheiden bundel, waarin door hem is geschreven, wat hij zoo moeilijk uitspreken kon. *Liefde* voor zijn taal, die bleek vooral in zijn *meesterschap* over die taal. Om dat te bewijzen, en tot verdere kennismaking met dit geschrift uit-te-lokken, nemen wij hier over het groote gedicht



Chapmann's Zebra's met veulen in het Staatsmuseum te Pretoria.

DE KLOKKEN.

Hoort de klokken, hoe ze schallen!
Van den toren jub'lend,
Galmend, galmend,
Klepp'rend, klapp'rend, kling'lend,
Buld'rend, bald'rend, beng'lend,
Vele tongen, talen, tonen, melodieën meng'lend;
Wilt ze hooren, hoe zij lokken!
Van den toren, allen, allen,
Sabbatsklokken!
Tong bij tong en tal bij tallen.
Hoe zij schallen!
Golvend galmen, luid en wel;
Hoe zij brommen en verstommen.
Hoort het klinkend klankenspel!



De Vaal-rivier, bij Rooirand, niet ver van Potchefstroom.



Chapmann's Zebra in den Dierentuin te Pretoria.

I

Daar is éene: luid, zoo luid
Zingt zij al haar ziele uit;
Schal op schal
Klinkt als door het wijd heelal,
Boven andere tonen uit,
Luid, zoo luid,
Zwellend, schallend, uit en uit.
Gij kunt elken tongtoon tellen,
Tellen, tellen,
Wijl de wellen verder snellen,
Luider, wijder, voller zwellen,
Zwellen, zwellen,
Slaan, slaan, slaan
In de zielen der rebellen, [1])
Die ginds met hun metgezellen,
Luierend, luierend,
Staan, staan, staan!
Hoe zij hare ziele kwellen,
Die rebellen!
Elke klanktoon is een traan.
Hoort ze manend, manend slaan;
Hoort ze klagend, klagend slaan;
Hoort ze vragend, vragend slaan,
Wijder, luider, voller zwellen!
Slaan, slaan, slaan!
Zingt, zingt, zingt
Zij luid, luid, luid,
Al haar ziele, al haar ziele
Uit, uit, uit!

II


Hoort een ander ginder, ginder,
In de verte klinkend, klinkend!
Ginder, ginder,
Ver, ver, ver!
Nu eens langzaam, dan gezwinder,
Nu eens meer en dan weer minder,
Als de lichtglans van een ster,
Ver, zoo ver,
Rijzend, zinkend,
Als 't geflonker van een ster;

[1]) Hier: weerspannigen, afkeerigen.


Als het sterrenlicht-geflonker,
Uit de neev'len, donker, donker,
Waar de zoute golven, kil,
Kil, kil, kil,
Om den drenk'ling kring'len,
't Zinkend wrak omsing'len;
Als van uit de golven, kil,
Ginder, ginder,
Hoort ze klinken!
Wijl de and're kling'len,
Wijl de wellen rijzen, zinken,
Ginder, ginder,
Ver, ver, ver,
Als 't geflonker van een ster,
Tot zij verder, verder, verder,
In de verte, verte, verte,
Zwerven, zwerven,
Sterven, sterven,
In de verte, ver, ver, ver,
Ver, ver!

III

Hoort een ander jubelschallen
Met een loflied, luid en hel!
Welke galmen rijzen, vallen
In het meng'lend klankenspel!
Welk een juichend' vreugdetoon,
Als van uit den hemeltroon;
Welk een schaat'rend feest-geklank,
Vol van lof en vol van dank!
Helder, helder,
Hoe zij spelen, al die galmen,
Spelen, spelen!
Lied'ren, psalmen,
Door elkander meng'lend,
Luide, luide kling'lend!



Struisvogel in den Dierentuin te Pretoria.



Het huis van wijlen Mevr. Koopmans-de Wet in Strandstraat te Kaapstad.

O, de blijdschap die er welt!
O, de rijkdom van het lied dat uit de klanken zwelt!
Hoe het zwelt!
Hoe het smelt!
In de ooren schallend, zwelt,
In den diepen boezem smelt,
Schallend, schallend,
Zwelt, zwelt, zwelt;
Zwellend, zwellend,
Schalt, schalt, schalt;
Schallend, zwellend
Zwellend, schallend,
Zwelt, schalt, schalt, schalt, zwelt, schalt!

IV.

Ginds een ander:
Hoort ze tingen!
Afgemeten, slepend zingen,
Zingen! zingen!
Tot de zondaars klingelingen,
Doemelingen!
Met een half versleten stem,
Met een ouderwetsche stem,
Klingelingen;
Met een nadruk en een klem,
Met een sleepklank in dien klem;
Klem, klem, klem!
Luistert! luistert! jongelingen!
Gij beschaafde vreemdelingen!
Zondaars! zondaars! doemelingen!
Hoort ze zingen!
Met een nasleep in de stem;
Met een remtoon en een klem;
Klem, klem, klem;
Klem, klem!

V.

Hoort nog ééne:
Hoort ze buld'ren!
Dreunend uit haar kop'ren long,
Zwaar en zwaar,
En bang, bang, bang.
Er is wrake in haar tong.
Tong en long,
Long en tong
Brullen toorn!
Toorn! Toorn!
Zult gij ooit die tonen smoren?
Zondaar! zondaar!
Wijder, holler,
Nader, voller,
Dreunend, dringend in uw ooren,
Door het zwerk, steeds om en om,
Om, om, om!
Met een lief'lijk wellekom,
Met een: Zondaar, kom! kom! kom!
Maar ook met een taal van toorn;
Met een toon van oordeel, oordeel;
Hoor! o hoor;
Hoe zij buldert, hoe zij baldert,
Door en door
Al het zwerk, van oor tot oor!
Hoor ze brommen, brommen, brommen;
Hoor ze grommen, grommen, grommen;
Brullen, brullen,
Dreunend trillen,
Om en om;
Al de andere verstommen,
Nog steeds dreunt zij,
Nog steeds brult zij,
Om en om,
Om! om! om!

VI.

Hoort de klokken al te zamen!
Hoort het Sabbatsklokgeschal!
Met een luid weergalmend Amen!
Welk een taal- en tongental!
Schaat'rend door het wijd Heelal;
Luid, zoo luid,
Wel, wel, wel,
Luid en hel;
Nu eens langzaam, dan eens snel;
Snel, snel, snel;
Nu eens nader, nader, nader;
Dan weer verder, verder, verder,
Ver, ver, ver,
Als 't geflonker van een ster!
Nu eens telt gij klank voor klank,
Uitslaand als een hemelsprank;
Dan weer meng'len zij te zaâm,
Al te gader,



Een der vele vervallen oud-Hollandsche huizen, thans een magazijn, (St. Georgestraat) te Kaapstad.

Galmend, golvend door elkaar,
Joelend, woelend, door elkander,
Nader, nader,
Tot den lof van 's Heeren Naam!
O, die wellen, hoe zij snellen met hun
Jub'lend' vreugdetoon,
O, die wellen, hoe zij zwellen, met hun
Galmen. schoon, zoo schoon!
Hoor! o, hoor!
Door en door
Al het zwerk van oor tot oor!
Als met blijde zieleklanken;
Hoe zij schallen, hoe zij schaat'ren,
Als een stemme veler waat'ren;
Hoe zij lokken,
Allen, allen;
O die held're Sabbatsklokken!
Hoe zij al haar leed vertellen!
Welk een blijdschap zij uitwellen!
Welk een zaligheid voorspellen
Immermeer voor allen!
Maar ook oordeel, oordeel, oordeel,



Slaamsche wijk (wijk van afstammelingen der Maleiers) met moskee te Kaapstad.

Tot de verste buitenwijken
Langs de straten van de stad,
Tot de armen, tot de rijken,
Langs de bergen en de dalen,
Waar de luchtjes dwalen, dwalen,
In de held're zonnestralen,
Over bloemen dauw-bespat,
Toon op toon,
Als een roepstem van den Troon!
Schallend door het luchtgewelf,
Elk, ja elk, als uit zich zelf,
Schoon, zoo schoon!
Niet uit ijz'ren, kop'ren kelen
Komen al die klanken spelen,
Al die klanken, die daar danken,
Die de kranke ziele heelen;
Maar 't is als uit harten, trillend,
Vol van liefde en vreugde wellend;
Niet uit ijz'ren tongen,
Uit metalen tong en longen; —
't Zijn de galmen van de Eng'len,
Die zich door elkander meng'len,
Meng'len, streng'len,
't Is een Eng'len-hemelkoor!
Juichend heel de schepping door!
Hoor, o, hoor!
Hoe zij psalmen, psalmen, psalmen;
Hoe zij zingen, zingen, zingen!
Hoe zij galmen, galmen, galmen,
In haar immer wijder kringen!
Hoe zij loven, hoe zij danken!
Dat het lot is der rebellen;
Wijl de wellen nader snellen,
Wijder, verder, voller zwellen;
Hoor, o hoor!
Al de lucht is levend, levend,
Trillend, woelend, golvend, bevend,
Als of Eng'lenwieken slaan
Op en neder,
Heen en weder,
Langs de wijde hemelbaan!
Al de lucht is levend, levend;
't Is een zee van melodij,
Welker wellen, zij aan zij,
Welker wellen door elkander,
Alsof roepend tot elkander,
Welker wellen, nader, nader,
Wijder, hooger, al te gader,
Wijder, nader, verder, snellen,
Zwellen, zwellen,
Buld'rend', bald'rend', verder snellen,
Door elkander krielen, woelen,
Golven, brullen, trillen, woelen,
Slaan en slaan!
Welker wellen, wellen, wellen,
Immer zwellen, zwellen, zwellen,
Slaan, slaan, slaan,
Luid, luid, luid,
Snel, snel, snel,
Luid en wel,
Wèl! wèl!!

Leden der Ned. Zuid Afr. Vereeniging zijn zij, die een jaarlijksche bijdrage betalen van ten minste DRIE gulden.
Aanmeldingen bij den Secretaris der plaatselijke afdeelingen of bij den Secretaris van het Hoofdbestuur, Damrak 95, Amsterdam.

EEN EPISODE UIT HET LEVEN VAN HET ZUID-AFRIKAANSCHE KLEIN-DUIMPJE.

"Ik hoor heeldag die mense praat van vljegmachines en lugskepe, en ik wil mos ook graag in die mode wees," sê Klein Duimpie. "Ik is van plan om weer bietje die wereld te gaan sien en ik denk, dit sal net die lekkerste manier wees om o'er die weg te kom."

Hij gaan sit op sijn klein stoeltje in die gang en krap s'n koppie om 'n plan uit te denk. Maar dit wil nie help nie. Hoe meer hij krap, hoe meer voel sijn kop soos 'n lege kalbasdop. Hij begin onrustig te word.

"Wat in die wereld sal ik aanvang, als mijn kop hol word?" sê Klein Duimpie.

Met sijn vingertje tik hij mooi versigtig bokant sijn regter oor.

"Nee," sê hij, "als ik aan die klop moet oordeel, dan is daar gelukkig nog iets in mijn dop, maar ik sal nou gouw 'n plan moet krij, want ik is al moeg van al die denk."

Hij spring van die klein stoeltje af en stap voordeur toe. Daar vind hij v'r Kietsie [2]) wat op die stoep lê 'n slaap. Hij maak haar wakker en vra haar, of sij h'm tog nie kan help nie. Maar Kietsie maak, of sij h'm nie verstaan nie. Sij rol 'n paar keer om en om, rek haar uit, lek haar regter handje tot dit klam is en veeg daarmee o'er haar gesig en neusie. Sij trek die kijkers van haar oge bijmekaar tot daar niks anders dan 'n smal strepie te sien is, en begin te snork.

"Ag, wat snork jij nou weer?" vra Klein Duimpie. "Dit gaat v'r mij net soos 'n kar wat daar onder in die dwarspad deur die klipnekkie [3]) rij. Kom, luister eers naar mij, Kietsie. Ik wil hê, jij moet mij help. Ik wil so graag v'r mij 'n lugschip krij en ik weet nie watter plan om te maak nie."

"Maklik genoeg," sê Kietsie, "knor, gor, gorrr, vang vir jou 'n sprinkhaan en maak h'm mak onder die man, kor, nor, gorrr!"

"Hoerê!" skree Duimpie meteens, en hij spring op en neer op die stoep, soos 'n kaboutermannetje; "dit is 'n goeie plan van jou, Kietsie. Maar jij moet mij help. Jij moet v'r mij die sprinkhaan vang."

"Gor, orr, gorr," sê Kietsie, "wat sal jij mij betaal, Duimpie?"

"Ik sal vanaand die slag-ijster [4]) gaan opstel in die pakkamer om v'r jou 'n muis te vang, Kietsie, en ik sal jou nou dadelik 'n hele pierinkie [5]) vol melk gee. Kom maar saam, jong."

"Njoer," sê Kietsie, en sij draf agter Duimpie aan met die stert in die lug. Weet julle wat dit is? Nee? O, ik dag so! Dit is nie elke mens, wat die katte-taal bestudeer 't nie. "Njoer" beteken "olraait!" [6])


Kietsie draf saam tot in die spens [7]) en dit was nie hoe lang nie, of sij het die melk klaar gedrink, [8]) en die pierinkie mooi skoon uitgeveeg met haar tongetje.

"Njoer," sê sij weer, en sij lek haar bekkie ook skoon af, "nou ja, Duimpie, nou sal jij sien, hoe 'n mooi groot sprinkhaan sal ik v'r jou vang."

In die middel van die voetpaadje, wat kraal toe lei, [9]) gaan Kietsie sit, druk haar oge toe en maak of sij vas

[1]) Van deze Afrikaansche bewerking der Klein-Duimpje-geschiedenis (door Hester van Heerden in *Die Brandwag* gepubliceerd) namen wij vroeger reeds een gedeelte over. [2]) Naam van de kat. [3]) Inzinking tusschen twee rotsheuvels.

[4]) (Muizen-)val. [5]) Schoteltje. [6]) = All right, in orde. [7]) Provisie-kast of -kamer. [8]) Opgedronken. [9]) Dat naar de ommuurde ruimte, waarin 't vee overnacht, voert.



De „Avenue" (laan), langs de Tuinen (Gardens) te Kaapstad.

aan die slaap is. Maar haar ore trek sij met 'n bak om goed fijn te luister, en sij loer stilletjes onderdeur.

Sprinkhane was daar baje in die gras—van die ou klein valetjes [10]), maar naar hulle kijk Kietsie nie eers [11]) nie. Hoewel die klein soortje almal pragtige rooi en geel vlerkies gehad het, wat sorgvuldig opgevouw en weggeberg word onder die buitenste harde vlerke, was die outjes almal te klein naar haar sin.

'n Eindje verder het 'n melkbos gestaan, langers [12]) die paadje, en daarheen kruip Kietsie stadig aan, want sij weet van ouds af: dit is die bijmekaarkomplek van die groot groen sprinkhaan-familie. Daar was ook 'n menigte kleintjes, maar Kietsie hou net haar oog op die ou grote, wat daar eenkant [13]) op 'n takkie in die sonnetje sit.

Sijn naam was ou Terblans Papietie. Hoe hij aan die bijnaam van Papietie gekom het en waarom hij in gedurige vijandskap geleef 't met Jan Fiskaal, [14]) is 'n hele lange storie. Altemits vertel ik julle dit nog ééndag. Hij was die pa van die hele swerm kleintjes en het al te baje van h'mself gedink.

Hij skop met sijn agterpootjes op in die lug, vrijwe sijn hande o'ermekaar en kijk rond of die kleintjes almal sien, hoe 'n groot man hulle pa is.

Dit was Kietsie haar kans. Sij gee net één spring en woerklaps! het sij hom.

Dood verskrik, het ou Terblans eers nie geweet wat h'm o'ergekom het. Hij het probeer spartel om los te kom, maar hoe meer hij spartel, hoe harder bijt Kietsie en sij draf maar aan huis toe en tot in Duimpie s'n slaapkamer, onder die tafel. Daar het sij h'm v'r die eerste keer gelos. [15])

Die ou het 'n tijdje lank stil gesit om eers tot verhaal te kom en toen val dit h'm eindelik bij van 'n goeie plan, wat hij van sijn o'erlede ma geleer het. Hij neem 'n lang asem en blaas h'm op, dat die skuimpies so onder sijn vlerke uit kook!

Kietsie konnie verstaan wat dit moes beteken nie en sij kom mooi v'rsigtig nader om daaraan te ruik.

Soos jij sê één, lê sij daar anderkant op haar rug en ou Terblans sit 'n lag! [16])

"Ik het so gedog!" sê hij, "dit is maar ons sprinkhane s'n manier so. "Als jij nie sterk is, moet jij slim wees,' sê die spreekwoord."

[10]) Vaalkleurige. [11]) Niet eens. [12]) Langs. [13]) Op zij. [14]) Een vogelsoort, die insecten en kleine kruipende dieren jaagt en op doorns prikt. [15]) Losgelaten. [16]) Zit te lachen.

Maar daar was nog 'n spreekwoord wat hij heeltemaal vergeet 't—"wie die laatste lag, lag die lekkerste"—want net dieselfde tijd kom Klein Duimpie die kamer in.

"Aha!" sê hij, "hier is mijn lugskip. Hoor, jij 't 'n mooi grote gevang, Kietsie," en hij spring ook somar op die sprinkhaan s'n rug.

"Wag maar jong, ik sal jou gauw mak maak," sê Duimpie, 'n vuurhoutje stang en tulp teu'els [17]) maak net 'n gawe toom."

Arme ou Terblans het probeer kop wegtrek, maar daarvoor was sijn nek te kort en te stijf. Binnen 'n korte tijdje het Duimpie h'm die toom aangeset, en te'en wil en dank moes hij loop op 'n stijwe draf.

Toen krij hij weer gedagte van die spore wat hij aan sijn agterbene dra en hij probeer om die mannetje van sijn rug af te skop. Maar hij skop elke keer mis, want Duimpie het te veel naar vorentoe gesit, en het julle ooit opgelet, hoe vèr naar agtertoe 'n sprinkhaan altijd skop?

Ewe boos probeer hij om weer skuimpies te blaas, maar hij kon dit nie weer so gauw reg krij nie.

Intussen het Duimpie sijn beentjes om die sprinkhaan geslaan en klauw soos 'n Boesman, wat 'n jongperd leer.

Van 'n melkbos-saad het hij v'r h'm 'n waterbottel [18]) gemaak en o'er skouer geslaan. Weet julle, hoe om dit te doen? Knijp die toppe van die dun puntje af en druk al die lug uit die saad. Hou dan die puntje onder water en neem jou vingers weg, dan vul die saad-dop dadelik met water tot bô toe.

Dit het Duimpie gedaan en met sijn stopnaaldswepie in die hand, was hij weer groot man. Hij lei sijn sprinkhaan lugskip tot voor op die stoep en roep sijn ma en die kinders om h'm te groet, voor hij die reis onderneem.

Haastig kom Klein Duimpie s'n ma aangestap, toen sij hem hoor roep. Sij was verskrik, toen sij hem op die sprinkhaan s'n rug sien sit.

"Nee, mijn hartje!" skree sij, "ik sal jou nooit laat gaan nie, dit is tog al te gevaarlik."

Voor sij verder kon praat, was ou Terblans klaar, skop met sijn agterbene te'en die stoepklip vas en daar trek hij, dat Duimpie s'n rooi kepsie [19]) so swaai in die wind!

(Slot volgt.)

[17]) Teugels. [18]) Waterflesch. [19]) Petje.

